## Les 10 DIE HERE VEROORDEEL ONS NIE VIR ONS SONDES NIE

### 1. Hersiening

Verlede keer het ons gesien dat Jesus vir ons sondes gely het. 'Jesus ly' beteken:

1. Jesus se lyding is om deur die Joodse polisie gevang te word.
2. Jesus se lyding is om in die hof aangekla te word.
3. Jesus se lyding is om ondervra te word en om Homself te moet verdedig.
4. Jesus se lyding is om onskuldig veroordeel te word.

### 2. Die Here se hofsaak loop op ’n baie spesifieke manier verkeerd

Ons het gesien dit lyk asof die Here se hofsaak heeltemal verkeerdloop. Hy is heeltemal onskuldig, en Hy word onskuldig bevind deur die regter. Tog word Hy as ’n misdadiger veroordeel. Maar die Here is nie sommer net as ’n gewone misdadiger veroordeel nie. Kyk wat sê die Jode hoekom Jesus veroordeel moet word*: "*[7]*Die Jode sê toe vir hom: "Ons het ’n wet, en volgens dié wet moet hy dood, omdat hy hom as die Seun van God voorgedoen het."* (Joh. 19)

Jesus word veroordeel as ’n sondaar. Die wet van die Jode was die Tien Gebooie van die Bybel. Die Here is veroordeel as iemand wat die Tien Gebooie van God verbreek het. Hy word veroordeel omdat die Jode sê Hy maak asof Hy God is. Dit is hoekom hulle Hom wil kruisig. Mense wat God laster en minag deur te maak asof hulle self God is, moes volgens die Ou Testament van die Bybel gekruisig word.

### 3. Die Here self laat die hofsaak só verkeerdloop

Wie laat die hofsaak só verkeerd loop dat die Here Jesus onskuldig veroordeel word as ’n sondaar wat God laster en minag?

Kyk mooi wie laat die hofsaak so verkeerdloop*: "*[8]*Toe Pilatus dit hoor, het hy nog banger geword.* [9]*Hy het weer in sy ampswoning ingegaan en vir Jesus gevra: "Waar kom jy vandaan?" Jesus het hom egter nie geantwoord nie.* [10]*Pilatus sê toe vir Hom: "Praat jy nie met my nie? Weet jy nie dat ek die mag het om jou los te laat en ook die mag om jou te kruisig nie?"* (Joh.19)

As iemand in die hof onskuldig aangekla word as ’n misdadiger en maklik kan bewys dat hy onskuldig is, maar hy bly die hele tyd tjoepstil, wie se skuld is dit dan dat hy op die ou einde veroordeel word? Dit is sy eie skuld. Want hy het nie sy eie onskuld bewys nie.

Dit is hoekom hierdie hofsaak van Jesus so verkeerdloop. Die Here self laat dit verkeerdloop. Hy bly doodstil. Hy verdedig Homself nie teen die aanklagte nie. Hy laat Homself veroordeel.

**4. God die Vader veroordeel sy eie Seun as ’n sondaar**

Hoekom bly die Here so tjoepstil as Hy aangekla word, sodat Hy veroordeel kan word, al is Hy heeltemal onskuldig? Jesus wys ons hoekom in Sy antwoord aan die regter: *“[11]En Jesus antwoord hom: “U sou geen gesag oor My gehad het as dit nie van Bo aan u gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u uitgelewer het, groter skuld.”[12]Hieroor het Pilatus geprobeer om Hom los te laat; maar die Jode het geskreeu: “As u hom loslaat, is u nie ’n vriend van die keiser nie. Elkeen wat homself as koning voordoen, is in verset teen die keiser.”* (Joh.19)

Jesus sê vir die regter dat die aanklag teen Hom, en Sy veroordeling, van Bo kom. Dit is van Bo, van God die Vader af. Dit is wat regtig hier besig is om te gebeur. God die Vader is besig om Sy eie Seun as sondaar aan te kla, al is Hy heeltemal onskuldig. God die Vader laat Sy eie Seun as sondaar veroordeel.

Die regter Pontius Pilatus is kwaad vir die Here en wil wys hy kán Jesus loslaat. Hy gaan na buite om te wys hy kan Jesus loslaat. Maar hy kan nie. God die Vader gebruik die Jode se skelmheid om Pilatus te dwing om Jesus as sondaar te laat veroordeel.

Dit is die groot geheim hoekom Jesus stilbly. Hy weet dit is God, Sy Vader, wat Hom sélf as sondaar aankla en God die Vader sélf wat Sy eie Seun as sondaar veroordeel. En Jesus aanvaar wat die Vader met Hom doen.

**5. Sodat God ons nooit weer vir enige sonde wat ons doen, sal veroordeel nie**

Hoekom doen God die Vader en God die Seun dit: vat die aanklagte en veroordeling van ’n sondaar binne-in hulleself, al is die Here self die Seun van God?

Kyk hoe wys die Bybel vir ons hoekom die Here dit doen: *“Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie*.” (Rom.8) Hy doen dit sodat God ons nooit vir enige sonde wat ons doen, sal aankla of veroordeel nie.

Kom ons gebruik ’n voorbeeld om te kyk hoe die Here ons nooit aankla of veroordeel vir enige sonde wat ons doen nie. Vir wie se pakslae is julle die bangste. Vir Pa s’n of vir Ma s’n?

Amper al die kinders sê altyd dit is vir Pa s’n. Maar wie se pakslae is die gevaarlikste? Pa s’n of Ma s’n? En die antwoord is eintlik: Ma s’n. Hoe so? Want ’n

pa sal altyd eers met jou praat, dan vir jou vertel wat jy verkeerd gedoen het, dan sal hy die gewone slaanding vat en dan weet jy hoeveel houe jy gaan kry. Maar hoe werk dit met ’n ma? Met ’n ma werk dit eintlik baie anders.

’n Ma sal sê: “Hou op, ek praat nie weer nie!” Maar dan hou kinders aan en aan, en ma’s praat en praat. Maar dan gaan jy net ’n bietjie te ver en dan is daar groot moeilikheid. Want ’n ma wat kwaad word, gryp sommer enigiets wat naby is om jou mee pak te gee. Sommer die naaste lap of boek of lepel. En dan jaag hulle jou en hulle slaan jou sommer orals. En wanneer hou hulle op om te slaan? Eers as hulle beter voel! En jy weet nooit wanneer hulle beter voel voor hulle nie ophou nie.

Daarom is ma’s wat straf, eintlik gevaarliker as pa’s wat straf. Nou hoekom sê almal hulle is vir Pa se straf die bangste?

Want pa’s doen iets wat baie erger is as om jou pakslae te gee. Dit werk só! Pa sal sê: “Gaan wag in die kamer. Ek wil met jou praat.” Dan sit jy en wag vir hom om met jou te kom praat. Waaraan dink jy as jy só sit en wag? Jy sit en dink aan alles wat jy vir hom moet vertel, want jy weet hy gaan vir jou vra: “Hoekom het jy dit gedoen? Hoekom luister jy nie?”

En as jy dan vir hom al jou stories vertel, dan weet en sien jy hy wéét jy maak sommer stories op omdat jy regtig skuldig is. Maar die ergste is wanneer hy die volgende sê: “Ek is baie teleurgesteld in jou. Ek het nie verwag jy gaan steel nie, jy gaan vloek nie, jy gaan baklei nie, jy gaan lui wees nie.”

Wat is die ergste van straf? Die slaan-gedeelte? Of die praat-gedeelte? Dit is altyd die praat-gedeelte wat die ergste is. Daarom wens ’n mens baiekeer dat die praat verbygaan en die slaan begin. Maar die praat-gedeelte gaan nooit verby nie. Daardie woorde wat jy hoor: “Ek is teleurgesteld in jou. Ek het nie gedink jy is ’n dief, ’n boelie, ’n leuenaar, ’n luiaard, ’n ongehoorsame kind nie”, daardie woorde maak die seerste. Dit maak ’n seer wat nie maklik weggaan nie.

Want dit is veroordeling. Om deur jou pa aangekla te word, om jouself teenoor jou pa te moet verdedig in jou gedagtes en met woorde, om jou pa se teleurstelling te hoor en om te hoor jou pa gee jou name vir die lelike goed wat jy gedoen het, en hy noem jou iets anders as sy kind, dit is wat dit beteken om veroordeel te word.

Watter deel van straf is die ergste? Die praat-gedeelte of die slaan-gedeelte? Dit is die praat-gedeelte waarin jy aangekla en name genoem word vir wat jy gedoen het. Dit is wat veroordeling vir verkeerde dade is: om aangekla en name volgens jou verkeerde dade genoem te word – deur jou pa wat jou liefhet!

Kyk weer wat sal God nooit met ons doen nie! *"Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie."* God sal jou nooit vir sondes wat jy doen, aankla of veroordeel nie.

Hoe kan dit waar wees? Want kyk weer wat het die Here vir jou gedoen! Wat het Hy gedoen toe God die Vader Hom as sondaar laat aankla het? Hy het stilgebly en die aanklagte en veroordeling op Homself geneem. Vir wie se sondes is die Here aangekla en veroordeel? Hy het nooit sonde gedoen nie. Hy is vir elke sonde wat jy en ek doen, aangekla en veroordeel. Daarom word ons nie vir sondes aangekla en veroordeel nie. Dit is klaar afgehandel. Die aanklagte en veroordeling vir ons sonde, het klaar gebeur. Dit het gebeur toe Jesus gely het onder Pontius Pilatus.

**6. Die deler is so goed soos die steler**

Onthou julle nog die les oor die deler wat net so goed is soos die steler? Dit is wat met Jesus gebeur onder Pontius Pilatus. Hy deel al jou en my sondes wat ons doen. Daarom word Hy vir ons sondes aangekla en veroordeel. Want as Hy ons sondes met ons deel, is dit net so goed of Hy sélf die sondes saam met ons gedoen het.

Dit is ook hoe die Here ons genadig is. Hy is diep in Homself die aangeklaagde en veroordeelde mens, net soos ouers saam met hulle kinders, ook kinders diep in hulleself is, want hulle was mos ook kinders gewees. So is die Here mens saam met ons, en deel Hy ons sondes sodat Hy aangekla word en veroordeel word in ons plek – en God ons nooit vir ons sondes sal aankla of veroordeel nie.

Die Here vat die ergste deel van straf op sonde – die praat-gedeelte, heeltemal weg.

Volgende keer gaan ons kyk hoe verander dit ons lewens as ons in die geloof leef dat God ons nooit aankla en vir ons sondes veroordeel nie.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het

___________________________________Handtekening: ouer of voog